NUUSBRIEF

Vereenwoorden 1727

Van der Walt-Familiebond

VAN DER WALT-

FAMILIEBOND

Posbus 40
Potchefstroom
2520
Suid-Afrika
E-pos:
dopjlvdw@puknet.puk.ac.za

Jaargang 16, nr.2
September 2000

Inhoud

Van die redaksie 1
'n Huldeblyk:
Andries Johannes van der Walt 1
Kort lewenskets van Andries
Johannes van der Walt 2
Van der Walt-aandenkings . 3

VAN DIE REDAKSIE

'n Groot deel van hierdie Nuusbrief word afgestaan aan die lewe en werk van wyle Dries (dr A J) van der Walt. Tot met sy oorlye het hy opgetree as sowel die sekretaris, die penningmeester van die Van der Waltbond en die redakteur van die Nuusbrief. Sy oorlye het 'n groot leemte gelaat in die werksaamhede van die Bond, aangesien hy en sy broer Christie ook gesorg het dat die stamregister op datum bly.

Na sy oorlye het die bestuur van die Bond verskeie vergaderings gehou en werk uitgedeel. Vir die afsienbare tyd sal ons met 'n tydelike redakteur, sekretaris en penningmeester oor die weg moet kom. Die bestuur sal die vakatures wat ontstaan (het) opvul met nuwe persone.

Daar sal veral gekonsentreer word op die bybring van persone wat belangstelling het in die verskillende portefeuljes van die bestuur. Veral jonger persone en ook dames sal nader getrek moet word.

Hierdie Nuusbrief is hoofsaaklik administratief van aard. U moet byvoorbeeld weet dat ledegeld verhoog word tot R20 per jaar, en dat dit voortaan aan die volgende adres gestuur moet word: Van der Waltbond, Posbus 40, Potchefstroom 2531. Enige bydraes tot die Nuusbrief moet gestuur word aan: Van der Waltbond, Le Rouxstraat 4, Potchefstroom 2531. Die e-pos adres van die Bond is voorlopig: dopjlvdw@puknet.puk.ac.za

Die sukses van die Nuusbrief is afhanklik van die bydraes wat die lede van die Bond vir ons deurstuur. U word hiermee andermaal versoek om vir ons kort beriggies (nie langer nie as so 200-300 woorde) deur te stuur vir opname in die Nuusbrief. Die Nuusbrief is per slot van rekening 'n kommunikasiemiddel tussen

die lede. Die skakeling tussen die bestuur en die lede is bykomstig.

Ons vertrou dat u hierdie Nuusbrief sal geniet - ten spyte daarvan dat ons die slegte nuus van die oorlye van Dries, een van die baanbrekers van ons familiebond, daarin moet aankondig!

'n Huldeblyk

ANDRIES JOHANNES VAN DER WALT

9 Augustus 1933 - 1 Junie 2000

Om hierdie huldeblyk te skryf is 'n besondere voorreg en eer, maar dit is nie vir my maklik nie. Ons kennis van mekaar bly beperk en ons kyk deur 'n gekleurde bril. 'n Huldeblyk oor so 'n talentvolle, veelsydige en besondere mens soos Dries maak die taak nie makliker nie - veral omdat die beskikbare ruimte in ons nuusbrief die omvang daarvan beperk.

Reeds in my studentedae (die sestigerjare) het ek hom leer ken as die bekwame bestuurder van Pro Rege Pers (Potchefstroom). Ons het saam ons liefde vir boeke gedeel! Later het hy by my klas geloop en behaal die prestasie om met deeltydse studie 'n doktorsgraad te verwerf. Daarna word hy bestuurder by die drukkery van die PU vir CHO en gee ook deeltyds klas in Volkekunde. Die laaste drie jaar van sy lewe (nadat hy al afgetree het) was hy weer bereid om sy ervaring tot voordeel van die Instituut vir Reformatoriese Studies aan te wend. Vanaf die sestigerjare het ons ook saam op die bestuur van die Van der Walt Familiebond gedien.

Deur al hierdie jare het ek Dries leer ken as 'n rustige mens, iemand van onkreukbare integriteit, deeglikheid, stiptelikheid, noukeurigheid en verantwoordelikheid. Hy kon moontlikhede raaksien, oorspronklik dink en het ook sy idees verwerklik. Hy was, selfs toe sy gesondheid nie meer na wense was nie, 'n mens met onvermoeide ywer. As dit oor sy Christelike beginsels gegaan het, het hy onbuigsaam vasgestaan -- sonder om sy innemende geaardheid prys te gee. Hy was 'n diep gelowige mens. Dit het geblyk uit gesprekke, sy ywer in die gemeente waarvan hy lidmaat was en dit kom veral duidelik na vore in die boeke wat hy (tydens ernstige siekte) oor Psalm 23 geskryf het.

Hierdie **in memoriam** wil egter in die eerste plek Dries se reuse bydrae tot ons Familiebond in herinnering roep. By al sy ander bedrywighede het hy die afgelope veertig jaar met passie sy tyd, krag, talente - en geld - daarvoor gegee. Sy mees blywende nalatenskap is ongetwyfeld die monumentale werk **Stamregister van die familie Van der Walt; geskiedenis en genealogie: 1727-1998** (711 bladsye!), wat in 1998 die lig gesien het. Hy was verantwoordelik vir die boeiende geskiedkundige gedeelte, terwyl sy broer, Christie, die genealogiese afdeling versorg het. Maar afgesien hiervan was hy ook die hart van die Familiebond in baie ander opsigte: sy reël van streeksfeeste, betrokkenheid by die Museum op Grootfontein en die feit dat hy tot sy afsterwe nie alleen sekretaris en penningmeester was nie; maar ook die redakteur van ons blad.

Sy dood - op relatief jong leeftyd - is vir die bestuur van die Familiebond 'n

ontsaglike verlies. Ons mis sy aansteeklike entoesiasme.

In alles wat Dries in sy lewe bereik het, het sy vrou Lettie, trou aan sy sy gestaan. Ons innige meegevoel aan haar, hulle kinders en kleinkinders.

Mag die Here die werk van Andries Johannes van der Walt bevestig vir die geslagte wat kom (Ps. 90:17).

Bennie van der Walt
(Voorsitter)

KORT LEWENSKETS VAN ANDRIES JOHANNES VAN DER WALT

Dries, soos hy alom bekend was, is op 9 Augustus 1933 in Johannesburg gebore. Hy het hier in die stad grootgeword en skoolgegaan aan die Laerskool Aucklandpark en die Hoërskool Helpmekaar. Hy begin sy beroepsloopbaan in die rekeninge-afdeling van die destydse EVKOM in Johannesburg, maar sit sy studies nauurs deur middel van korrespondensiekursusse voort. Hy word later 'n rekenmeester by die VEKA-klerevervaardiger. Toe daar 'n vakature by die Pro Regeboekhandel in Potchefstroom ontstaan, aanvaar hy die betrekking op aanbeveling van prof S P van der Walt, wat op die direksie van Pro Rege gedien het. Hierdie verhuising geskied in 1964. Dries word mettertyd sowel bestuurder as eienaar van Pro Rege, tot hy die onderneming in 1978 verkoop en by die PU vir CHO op Potchefstroom in diens tree. Aan die Universiteit werk hy in die departemente Sentrale Publikasies en Volkekunde tot in 1992, toe hy weens swak gesondheid uit diens moes tree. Kort na sy uittrede skryf hy die boekie "Die Here is my Herder".

Dries se korrespondensiestudies word in Potchefstroom voortgesit met deeltydse studies aan die plaaslike Universiteit. Hy behaal die BA-graad in 1972, die Honneurs in 1978, die MA in Volkekunde in 1980 en die doktorsgraad in die Volkekunde in 1983 - almal aan die PU vir CHO. As deeltydse dosent in die Volkekunde lewer hy nie alleen gewaardeerde onderrig nie, maar laat verskyn ook veertien publikasies.

Dries was op verskeie terreine in die gemeenskap betrokke. Hy skryf nie slegs boeke en artikels oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe nie, maar dien ook op talle komitees, rade en liggame, en ook as kerkraadslid van die Gereformeerde Kerk. Hy het ook na sy uittrede vir drie jaar lank deeltyds gewerk by die Instituut vir Reformatoriese Studie op Potchefstroom. In hierdie tyd, maar ook in sy werk aan die Van der Walt-familiebond en die stamregister, blyk sy onvermoeide ywer andermaal asook sy hoë vlak van rekenaarvaardigheid.

Die bewaring van die Van der Walt-familie se kulturele erfenis was een van die take wat Dries vir byna 'n halfeeu lank besonder na aan die hart gelê het. Saam met sy broer Christie en verskeie ander medewerkers laat sien hy die stamregister van die Van der Walt-familie die lig. Hy was hard besig om te organiseer aan die Simmer 2000-feestoer van (voormalige) Friese in Suid-Afrika toe hy in 1999 met kanker gediagnoseer word. Diegene wat in die periode hierna met hom in aanraking was kan getuig van sy onblusbare geesdrif vir

die fees en die gepaardgaande toer, ten spyte daarvan dat hy soms lank gehospitaliseer was vir behandeling. Dit was sy ideaal om 'n kopié van die stamregister van die Van der Walts tydens die fees te oorhandig aan die Rijksargief te Leeuwarden en aan die Dorpskomitee van Veenwouden in Friesland. Dit was hom egter nie beskore nie: kort voor die toer, op 1 Junie 2000, is hy oorlede. Sy eggenote Lettie, met wie hy in 1954 in die eg verbind is, het die toer in sy plek meegemaak en die beplande oorhandigings gedoen.

VAN DER WALT-AANDENKINGS

Die bestuur van die Bond is tans besig om ondersoek in te stel na die vervaardiging van aandenkings met die goedgekeurde wapen as
deel van die ontwerp. Daar word gedink aan teelepels, bekers en servetringe, maar ander voorstelle kan ook oorweeg word.

Dit is nogal 'n taamlike proses om die ontwikkeling te doen. Die vervaardiger moet eers die ontwerpe maak, die kleure invoeg, en kan slegs dan eers sê wat die verskillende items sal kos. Die hoeveelheid wat van 'n item gemaak word sal ook 'n invloed op die prys hê.

Indien u belang stel in hierdie items (of in ander wat ons nie genoem het nie), moet u gerus van u laat hoor. Dit sal ons 'n aanduiding van die aanvraag gee, asook van die soort items waarin daar belangstelling is. Sodra al die huiswerk gedoen is sal ons die pryse bekend maak, en ook bestellings vra.

****